

23.

God antwoord altyd gebed

Bid 4

Bybelgedeelte

Jeremia 33:3; Johannes 15:7; 1 Petrus 5:6



Kerngedagte

God antwoord altyd as ek bid.

Kernvers

Jeremia 33:3 'Roep My aan, Ek sal jou antwoord ...'

Terugvoering van verlede keer

Met jou ouers/ voogde: Wat het jou ouers/ voogde gesê toe jy vir hulle van die 6 S'e van groepsgebed vertel het?

Met ander: Wat het die ander persoon gesê toe jy vir hom van die 6 S'e van groepsgebed vertel het?

Bybelboeke: Kom ons kyk weer of almal al die boeke van die hele Bybel ken.

Aktiwiteite

1. Noem net een ding wat vir jou interessant met vandag se boodskap was.
2. Partykeer dink of voel jy dat die Here nie vir jou antwoord as jy gebid het nie. Bespreek in jou groep wat Jeremia 33:3 vir jou hieroor sê. Vul dan ook die letters van die woorde van Jeremia 33:3 in wat nie hieronder is nie:




'R_____ My aan,
E_____ s_____ jou a_____ ...'

3. Bespreek daarom in jou groep watter woorde julle dink julle hieronder moet invul en vul dit dan in.

G_____ a_____ a_____
as e_____ b_____.

23. God antwoord altyd gebed

4. Alhoewel God altyd antwoord as ons bid, antwoord Hy nie altyd soos wat ons dit miskien wil hê nie. Hy antwoord daarom op drie maniere. Dit kan met 'n verkeerslig vergelyk word. Hoe help die verkeerslig ons dan om te onthou hoe God antwoord as ons bid? Skryf dit elke keer net met een woord langs een van die drie ligte neer. Skryf ook elke keer onder daardie een woord hoekom die Here die gebed daardie keer só beantwoord.



5. Bespreek in die groep wat die gebedsboom nou weer beteken. Bespreek verder al die dinge waarvoor daar by die kinderkerk/ kategeese/ Sondagskool gebid kan word. Skryf dan hier onder neer wat die groep dink die drie belangrikste dinge is waarvoor daar gebid kan word en sê dit dan ook vir die Grootgroepleier om op die gebedsboom te sit.

- 1.
- 2.
- 3.



Tuisaktiwiteite

Met jou ouers/ voogde: Vertel vir jou ouers/ voogde hoe die verkeerslig en gebedsboom jou vertel hoe God jou gebed antwoord.

Met ander: Vertel vir iemand anders wat die verkeerslig jou van gebed leer.

Bybelboeke: Kyk weer dat jy al die boeke van die Bybel ken.

Onthou: Bring jou Bybel en skryfding volgende keer saam.